

1 Johannes 4:6

*Hieruit ken ons die Gees  
van die waarheid en  
die gees van die dwaling*

## REDAKSIONEEL

# 'n Huis vol lieflikhede

Psalm 133 word graag aangehaal om broederskap aan te spreek en tot vrede op te wek. Daar word ook dadelik bygesê: Wanneer mense in vrede saamkom, geniet hulle die seën van die HERE. Wanneer mense saamstem oor 'n saak kan hulle ook saam iets groots vermag. Eendrag maak mag! Ja, dit het selfs 'n politieke slagspreuk geword. In 'n sekere sin is dit so treffend waar. Die geskiedenis leer ons dat - deur mense vir 'n bepaalde saak te laat saamstem en saamwerk - groot stelsels en magtige bedelings al omvergewerp is. Dit ongeag die werkswyse wat gevolg is. Dit het nie noodwendig elke keer vrede gebring, of die seën van die HERE laat gedy nie. Tog is groot dinge vermag!

Hierdie leuse word ook dikwels prakties toegepas: 'n moeder wat haar twee strydende seuns vermaan; 'n volksleier wat sy mede-strydende volksgenote oproep; 'n wyse vader wat strydende sinodegangers toespreek. Ons moet lief wees met mekaar, broers, ons moet mekaar aanvaar, ons moet ten minste aanvaar dat ons oor sekere dinge van mekaar mag verskil. Laat daar dan ten minste eensgesindheid hieroor wees: Daar is mos dikwels

twee paaie wat bewandel kan word. Laat ons mekaar dan nie verwyt en beledig nie. Waar broeders woon in onverstoorb're vrede ... daar gebied die HEER sy seën.

Tydens die afgelope sinode kon ons merkbaar ervaar hoedat 'n gees van selfbeheersing en luister na mekaar in gehoorsaamheid aan die Woord oor die algemeen onder die afgevaardigdes geheers het. Dit kan moontlik gedeeltelik toegeskryf word aan die wyse waarop stukke hierdie keer in behandeling geneem is. Diepgaande verskille oor kontensieuse sake is meestal binne die betrokke kommissies deurgepraat

en nie van die begin af in die groot vergadering bespreek nie.

Die gebeure by die sinode het die res van die kerklike en openbare lewe nie verbygegaan nie. Op sigself is dit 'n baie goeie ding dat die agenda van die meerdere vergaderings ook lewendig op alle plaaslike en openbare vlakke uiting vind. Dit bewys ten minste dat die sinode nie geïsoleerd van die kerklike lewe op plaaslike vlak is nie. Die reaksie uit hierdie sektore het egter opnuut aan die lig laat kom watter verdeeldheid daar werklik oor die godsdienst heers. Alreeds na die Sinode van 2003 is in kerklike tydskrifte en op ander forums openlik erken dat daar verdeeldheid in die Gereformeerde geleedere is. Hierdie verdeeldheid is nie deur Sinode 2006 opgeklaar nie. Intendeel, ná die skrywes en opmerkings van sekulêre meningvormers, teoloë en selfs openbare uitsprake van ons eie teologiese professore en predikante blyk dit dat die verdeeldheid waarskynlik dieper, radikaler en verreikender geword het.

Waar bly dan die broederliefde en eensgesindheid waarvan Psalm 133 jubel? Tot hoe 'n mate kan ons die

### Van die redaksie

Weens die redaksie en talle medewerkers se betrokkenheid by Nasionale Sinode 2006 was dit nie moontlik om 'n aparte Januarie-uitgawe van Waarheid en Dwaling te publiseer nie. Hiermee ontvang u 'n effens meer omvangryke gekombineerde Januarie/Februarie-uitgawe.

Aan al ons lesers word 'n geseënde en voorspoedige 2006 toegewens.

## INHOUD

1 Redaksioneel  
**'n Huis vol lieflikhede**

2 Skrifoordenking  
**Christus voer die wêreldgeskiedenis na sy hoogtepunt**  
Ds RA Bain

4 Op die Kerkerf  
**Acta Contracta 2006**  
Di GJ Meijer en HJ Momberg

**Sinode 2006 en Handeling 15**  
Ds GJ Meijer

10 Aktueel  
**Op 'n punt van liefde**  
Ds GJ Meijer

11 Fokus  
**Die papierpous se dopperhoed**  
Dr ALA Buys

13 Persskou  
**Van buikspraak aangekla 'n Ander visie**  
Ds GJ Meijer

seën ver wag wat die HERE gebied? Die egte eenheid en egte broederlike liefde is allereers 'n gawe wat van bo kom, van die Vader van die ligte by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie. Die seën van die HERE is alleen te vind op die berge van Sion. Nog nader bepaal – die seën van die HERE is alleen te vind in en deur die versoeningsdiens van die hoëpriester op die Sionsberge. In Psalm 133 word nog voorafskaduwend gekyk na Aäron se hoof en baard en kleedsoom. Hierdie amp wat hy vervul roep afdagend na die groot Hoëpriester, ons Here Jesus Christus, ons enigste Middelaar wat ons vanuit Sion die ewige seën van die HERE

laat toekom. Met sy salwing is ook alle gelowiges gesalf. Dit is dus nie outomaties geseënd as mense maar net saamkom of saamstem nie, maar daar is sekere kardinale voorwaardes. Mag dit nooit ons denkraam ontglim! Los van die gehoorsaamheid aan die Salfolie, buite die middelaarswerk van ons Hoëpriester Jesus Christus en wég van sy Woord, in die negering van die roepstem van sy Gees het ons geen toegang tot Sion nie, bestaan daar geen ware liefde nie, en is daar geen seën van die HERE nie. Dat die kerk van die Here Jesus sal voortbestaan ly geen twyfel nie. Hy is ons ewige Koning wat nooit sonder onderdane sal wees nie. Hy is ons enigste Hoëpriester wie se

versoeningswerk nooit sonder ware versoendes sal wees nie. Hy is ons hoogste Profeet wat nooit sonder gehoorsame dissipels sal wees nie. Die kritieke vraag is egter: Hoe bring ons Hom en sy Woord in berekening wanneer ons uitlatings maak? Daaruit sal dit ook duidelik wees of ons as broeders en susters onder sy versoeningsdiens op die Sionsberge saamwoon of dat ons eintlik besig is om iewers elders mag téén Hom te probeer opbou. In gehoorsaamheid aan sy Woord sal die broederskap waarlik in liefde en eensgesindheid in sy één huis kan saamwoon. Daar gebied die HERE sy seën. 'n Huis vol lieflikhede!

HLJM

## SKRIFOORDENKING

Ds RA Bain, Potgietersrus-Wes

# Christus voer die wêreldgeskiedenis na sy hoogtepunt

**Lees: 2 Tessalonisense 2:1-17**

***Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf, die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is.***

Met die koms van 'n nuwe jaar wonder 'n mens wat die toekoms alles sal inhou. Sommige mense raak benoud, depressief, beangs of verloor hulle verstand. Die groot troos wat elke gelowige egter vir die toekoms het en die hoop wat ons koester, is dat Christus weer sal kom.

Die apostel Paulus het aan die gemeente in Tessalonika oor die koms van die Here geskryf. Dit sal soos 'n dief in die nag wees. Nie om hulle bang te maak nie. Hy sê: bemoedig mekaar met hierdie woorde.

In die gemeente het 'n gerug die rondte begin doen dat die dag van die Here op hulle is. Iemand het die woorde van Paulus verdraai en die gemeente opgesweep. Ons lei af dat van die gemeentede opgehou het om te werk en ledig van huis tot huis gegaan het (3:11, 12). Die gemeente was eintlik in rep en roer. In vers 2 staan daar dat hulle verskrik was en hulle verstand verloor het. Hulle het hul roeping nagelaat. Hulle het Christus nie reg verwag nie.

Dan skryf die apostel Paulus 'n paar maande later 'n tweede brief aan die gemeente. In hierdie brief sê hy vir die gemeente dat die vereniging met Christus deur sy wederkoms nie nou al kan plaasvind nie, want die afval moet eers kom. Eers moet die seun van die verderf geopenbaar word. 'Onthou julle nie dat ek dit altyd vir julle gesê het nie?', skryf Paulus.

Die gemeente moet rustig voortgaan met hulle werk en hulle roeping volvoer, maar tog ook gespanne wag

op die Here se koms. Eers sê Paulus dat die Here se koms soos 'n dief in die nag sal wees en dan sê hy dat die Here eers kan kom as die mens van sonde geopenbaar is. Hoe het ons dit dan nou?

Die apostel Paulus maak dit eerstens duidelik dat daar 'n afval moet kom. Die woord vir afval is gebruik vir militêre en politieke opstande of rebellies. Die bedoeling is nie dat mense eers in die eindtyd teen God sal rebelleer nie, maar dat daar 'n groot en ongekende opstand in die eindtyd sal plaasvind.

Hoe sal ons weet dat die groot rebellie teen God begin het? Die apostel skryf dat die mens van sonde geopenbaar moet word, die seun van die verderf. Hy sal aan die wêreld bekend word met groot mag en krag. Dit beteken egter ook dat die Almagtige juis aan die kerk die seun van die verderf sal openbaar. Vanuit hierdie gedeelte is dit verder duidelik dat ons met 'n mens te make het wat nog moet kom. Hy

het twee benamings: die mens van sonde en die seun van die verderf.

Eerstens is hy die uiterste van die mens se sonde teen God. Die tweede benaming is die teenoorgestelde van die Here Jesus se Naam. Die seun van die verderf dui daarop dat hierdie mens die anti-mens is. Hy is die mens wat bestem is vir die verderf, vir die hel. Hy is die totale teenoorgestelde van God se doel met ons.

Hierdie mens is niemand anders as die Antichris nie. Die mens van sonde is nie self die dier uit die see waarvan ons in Openbaring 13 lees nie. Die dier uit die see dui op die antichristelike ryk wat, oor eeue heen, teen Christus in opstand kom. Nee, hierdie seun van die verderf sal die hoof van die antichristelike ryk wees. Hy het ook noue bande met die dier uit die aarde, die valse profesie.

Deur die geskiedenis was daar talle antichristelike leiers wat die antichristelike ryk bevorder het. Hierdie mens sal egter die volle beliggaming van die Satan wees. Deur die krag van die Satan sal hy die hoogtepunt van die opstand teen God wees. Die Satan sal nie vlees en bloed word om hierdie antichristelike ryk te regeer nie. Daarom gaan hy hom ten volle in hierdie mens manifesteer. Hierdie mens van sonde sal onder die algehele inspirasie van die Satan die antichristelike ryk regeer.

Daar staan verder dat hierdie groot rebel homself nie net met die politiek sal besig hou nie, maar ook met godsdiens. Hy sal hom verhef bo al wat God genoem word. Die woord 'G(g)od' kan hier 'n hoof- en 'n kleinletter wees. Hy sal homself verhef bo die ware God, maar ook bo al die afgode van die wêreld wat god genoem word.

Die seun van die verderf sal die aanbidding van ander gode nie vir 'n oomblik duld nie, hy sal ander godsdienste ook nie duld nie. Net hy mag aanbid word en daarom sal hy alle godsdienste onder hom verenig. Hy sal nog verder gaan. Hy sal in die tempel van God sit en voorgee dat hy God is. Hierdie mens van sonde sal homself in die

plek van die ware God wil laat aanbid.

Ons lees 'n verskriklike ding. Die tempel is die plek waar God se volk aanbid het en die plek van God se inwoning onder sy volk. 1 Korinthiërs 3 maak dit duidelik dat die tempel van die Nuwe Testament die kerk is. Hierdie mens van sonde sal op 'n manier die kerk indring en voorgee dat hy God is.

Daarom kan Johannes in sy eerste brief skryf dat die Antichris kom - dat daar al baie antichriste is wat vanuit die kerk kom, maar nie deel van die kerk is nie. Dit is angswekkend dat die antichriste en die groot Antichris bande met die kerk het. Hulle kom vanuit die kerk.

Die groot afval sal die kerk ook tref sodat die onderskeid tussen ware en valse kerk duidelik gesien sal kan word. Die mense sal valse leraars aanstel wat hulle in die gehoor streel. Hulle sal die leringe van duiwels aanhang. Die Antichris sal nie 'n onbeskaafde heiden wees nie, maar hy kom vanuit die kerk en sal in die tempel van God sit.

Daar is egter iets wat hom teëhou, skryf die apostel. Die gemeente in Tessalonika het geweet wat dit is. Vandag weet ons dit nie. Daar is velerlei spekulasies oor wat die koms van die Antichris teëhou. Dit is alles spekulasie.

Ja, die ryk van die Antichris werk al onder die dekmantel, sê vers 7. Ons sien dikwels die dier se skubbe en ledemate onder die volkeresee uitsteek. Die ryk van die Antichris is al lankal met ons - van na die hemelvaart af. Iets hou die koms van die groot leier terug.

As die verhinderende weg is sal sy openbaarmaking met die krag van die Satan wees en met wonders en tekens van die leuen. Hy sal die mensdom van God af verlei. Die wêreldryk sal onder sy heerskappy tot die grootste opstand teen God ooit kom. Die ergste is dat God hierdie rebelle sal oorgee aan die mag van die Satan. Die Almagtige sal hulle die krag van die dwaling stuur om die leuen te glo. Hulle sal geheel en al oorgegee word aan die mag van die leuen en ook geoordeel

word omdat hulle die waarheid verwerp het.

Waarom moes hierdie verskrikte gemeente dit alles weet? Van belang is dat die Antichris wel geopenbaar sal word. Die ware gelowiges sal hierdie teëstander en hierdie indringer in die kerk herken vir wie en wat hy is. Die kerk hoef nie bekommerd te wees dat ons onkant betrap sal word nie.

Tweedens is sy koms die direkte gevolg van Christus se wederkoms. Die Satan sal al die goddelose mense in sy laaste uur saamtrek. Hy sal die finale opstand teen God bewerk, terwyl hy tog weet dat Hy God se oordeel nie kan ontvlug nie. Hy is soos 'n plunderaar wat nog enkele minute het om te leef. Die Satan en die Antichris is bestem vir die verderf.

So sal die geskiedenis op sy hoogtepunt tot 'n einde kom. As die Satan deur die Antichris sy grootse laaste poging aangewend het, sal die Here hom met die asem van sy mond verdelg. Die geskiedenis eindig op 'n hoogtepunt.

Die ongeregtheid moet vol word, die seun van die verderf moet geopenbaar word. Die groot afval moet kom en die getal van die uitverkorenes moet vol word. Dan eers sal Christus vir die hele wêreld wys dat Hy die Koning van die konings is en die Here van die here.

Daarom skryf die apostel vir die gemeente dat hulle nie hulle verstand moet verloor nie. Die wederkoms van die Here is die uitmonding van die wêreldgeskiedenis. Die toekoms mag ons nie beangs maak nie, maar rustig in die wete dat hoe nader die koms van ons Heiland is, hoe groter die opstand teen Hom en sy kerk.

'n Gelowige bly bid en bly die Here uit die hemel verwag, al sien ons nog nie die seun van die verderf nie. 'n Gelowige is altyd gereed en wakker vir die Here se koms. In die Heidelbergse Kategismus bely ons dat ons Hom met gespanne afwagting verwag. 'n Gelowige leef soos iemand wat die Here enige oomblik verwag al weet ons dat die geskiedenis nog nie sy hoogtepunt

bereik het nie. Ja, ons moet Christus reg verwag. Ons verwag hom terwyl ons steeds gehoorsaam aan ons roeping is.

Met die koms van die nuwe jaar is dit nog 'n jaar nader aan die openbaring van die seun van die verderf, maar nog 'n jaar nader aan die koms van die Seun van die mens. Die koms van die nuwe jaar is troosryk en nie angswekkend nie. Ons moet egter

nie die ryk van die Antichris aanhelp met 'n eiewillige en met 'n lou aanbidding van die Here nie.

Ons moet rustig ons werk doen, ons roeping volvoer, die evangelie verkondig. Nie aan 'n vervolgingswaan ly, ons verstand verloor of verskrik en verlam raak nie. Ons moet ons nie onttrek en isoleer nie, maar heilig en verwagting die nuwe jaar ingaan.

Hierdie nuwe jaar is deel van die voleinding van die geskiedenis. Die afronding van God se groot plan. Daarom moet die kerk dit deurgaans bely en verkondig en leef: ons Here is die Here van die here; ons Koning is die Koning van die konings. Vir Hom verwag ons met gespanne afwagting uit die hemel - ook in hierdie jaar wat voorlê.

## KERKERF

Di HJ Momberg en GJ Meijer, Pretoria

# Acta Contracta 2006

Vanaf Woensdag 4 Januarie tot en met Vrydag 13 Januarie 2006 het 210 afgevaardigdes van 7 Partikuliere Sinodes in 'n Nasionale Sinode van die GKSA vergader. 'n Lywige agenda van 931 bladsye, wat 135 sake bevat, is deurgewerk. Op die sakelys was daar onder andere 67 rapporte van deputategroepe, 5 appèlle, 26 beswaarskrifte en 18 beskrywingspunte.

Ooreenkomstig die openlike verklaring is daar op grond van die Skrif, belydenis en kerkorde openhartige gesprekke gevoer en deurgaans in 'n broederlike gees vergader. Afgevaardigdes en waarnemers van Gereformeerde Kerke in ander lande – waaronder die Kongo, Nederland, Skotland, die VSA, Australië, Nieu-Seeland en Korea – was teenwoordig en het waardevolle insette gelewer.

Met hierdie artikel word gepoog om 'n beknopte geheeloorlog oor die belangrikste besluite van Nasionale Sinode 2006 te gee, sonder om 'n mening daarvoor uit te spreek. Vandaar die opskrif 'Acta Contracta', wat beteken: saamgevatte handelinge.

## Kerkverband

### Buitelands

Die GKSA het ekumeniese bande met verskeie kerke in die buiteland. Daar is besluit om in

korrespondensie te tree met die Gereformeerde Kerke Nederland (Vrijgemaakt), asook met die Orthodox Presbyterian Church in die VSA. Korrespondensie impliseer dat die kerke mekaar as susterskerke erken en dienooreenkomstig kerkverband oor landsgrense heen beleef. Ondersoek word gedoen na kontak met Gereformeerde Kerke in Spanje, Frankryk, Indonesië (Wes-Timor, Java), Singapoer en die Gereformeerde Bond binne die Protestantse Kerke in Nederland.

Bekommernis is uitgespreek oor die GKSA se bande met die Christian Reformed Church in North America. Volgens sekere getuienisse heers daar vorme van leerdwaling in dié kerkegemeenskap. Daarby het die CRCNA besluit om vroue tot die bediening van alle besondere ampte toe te laat. Deeglike ondersoek sal gedoen word na die stand van sake in die CRCNA. Sinode 2009 sal van advies bedien word oor hoe die GKSA vorentoe ten opsigte van dié kerke moet handel.

Met besondere dank is kennis geneem van geseënde sendingwerk in talle Afrika-lande, waaronder Botswana, Malawi, Mosambiek, die Kongo en Zambië. Verskeie sendingkonferensies is belê om die werk te stimuleer. Die Franse radiobediening onder leiding van ds Eric Kayayan is 'n kragtige instrument vir die verspreiding van die evangelie.

Die GKSA is lid van die International Conference of Reformed Churches (ICRC) en die World Reformed Fellowship, en het waarnemerstatus by die Reformed Ecumenical Council. Langs dié weg word paaie geopen om met gereformeerde kerke wêreldwyd in kontak te bly of nuwe kontakte te bewerkstellig.

Die sinode het met blydschap kennis geneem van die sogenaamde 'Londenbediening'. Dit is 'n inisiatief van die GK Randburg, wat ds Kruger de Kock beroep en na Londen gestuur het om Afrikaanssprekende Gereformeerde lidmate – veral jong mense wat vir 'n tyd lank in Engeland woon en werk – kerklik te bedien. Daar is besluit om een kollekte per jaar vir die finansiële instandhouding van die Londenbediening af te sonder.

### Binnelands

Voortdurende gesprekke vind plaas met die Afrikaanse Protestantse Kerk en die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Laasgenoemde sal, in die lig van die korrespondensie wat met die GKN(V) aangegaan is, waarskynlik ander dimensies aanneem.

Die gesprek met die NG en NH Kerke vind hoofsaaklik binne die Tussenkerklike Raad (TKR) plaas. Verskeie vlakke van samewerking tussen die kerke wat in die TKR saamkom, word ondersoek en

bevorder. So word daar onder andere gekyk na samewerking met betrekking tot jeugbediening, hervertaling van belydenisskrifte en aanspreek van samelewingskwessies. *Kerkspieël*, wat statistiese gegewens van die verskillende kerkverbande weergee, sal ook 'n projek van die TKR word. Kerke wat in die TKR vergader kom van tyd tot tyd byeen in die Konvent vir Reformatoriese Kerke, waar aktuele sake bespreek word.

As gevolg van die gesprek binne die NG Kerk aangaande die status van die belydenis van Belhar, het die sinode besluit dat die GKSA hom sal uitspreek oor dié belydenis. Die sinode is van oordeel dat die GKSA pro-aktief aandag aan die moontlike implikasies van die Belydenis van Belhar vir die verhouding tussen die onderskeie kerkgemeenskappe moet gee.

## **Vrou in die amp**

Sinode 2003 het besluit dat vroue in die amp van diaken kan dien. In talle gemeentes is vroue sedertdien as diakens bevestig. By Sinode 2006 het daar tien beswaarskrifte teen die besluit van 2003 gedien. Daarbenewens het twee uiteenlopende rapporte van 'n studiedeputaatskap oor die toelating van die vrou tot die amp van ouderling en predikant gedien.

Nadat alle beswaarskrifte en studierapporte deur kommissies ondersoek is, het die Sinode in die eerste plek die beswaar van Partikuliere Sinode Bosveld teen die besluit van Sinode 2003 om vroue tot die amp van diaken toe te laat behandel. Die Sinode het in die lig van artikel 46 Kerkorde besluit dat die beswaar slaag. Artikel 46 bepaal dat 'sake vir behandeling op meerdere vergaderings nie opgestel moet word voordat die besluite van die voorgaande sinodes oor die voorgestelde punte nagegaan is nie, sodat wat eenmaal afgehandel is, nie weer voorgestel word nie tensy dit noodsaaklik geag word om iets te verander'. Die Sinode oordeel dat die 2003-besluit om vrouens tot die amp van diaken toe te laat nie geneem kon word nie, aangesien die

besluite van Sinodes 1988 tot en met 2000 op Skrifgronde berus, en nie in 2003 weerlê is nie. 'n Noodwendige gevolg van die uitspraak oor hierdie eerste beswaarskrif was dat al die ander besware wat ingedien is, nie verder behandel kon word nie. In verband met die studierapport oor die moontlike toelating van die vrou tot die amp van ouderling en predikant bevestig die Sinode dat daar oor dié saak duidelike besluite in 1988 geneem is (vergelyk onder andere Acta 1988, artikel 98, in besonder punte 3.6.5 (p 519), 3.7.2 en 3.7.3 (p. 522)). Hierdie besluite is op Skrifgronde geneem en is steeds geldig.

Studiedeputate is aangewys om die volgende Sinode op Skrifgronde te adviseer oor die vraag of vroue in die amp van diaken en/of ander georganiseerde vorme van diakonale dienswerk kan dien al dan nie, met inagneming van alle relevante materiaal, insluitend dié op die tafel van Sinode 2006 sowel as van vorige sinodes. Hierdie studie moet duidelike gronde aandui indien enige sinodebesluit deur sy aanbevelings verander moet word, sodat 'n vas en bindende besluit op grond van die Skrif oor hierdie saak deur die volgende Sinode geneem kan word.

## **Liturgiese sake**

### *Hersiening van Totiusteks*

Vir baie jare is daar reeds gewerk aan die hersiening van die Psalmberyming van Totius. Hersiening word beskou as 'n beperkte taalkundige revisie van sinne en strofes, asook 'n hervertaling van verouderde Afrikaanse woorde en Nederlandismes. Verskeie hersienings-voorstelle, waaronder die lywige rapport van prof PW Buys, het voor die sinode gedien. Die sinode het aan deputate opdrag gegee om een saamgestelde rapport oor voorgestelde hersienings in te dien, waarvoor DV in 2009 besluit kan word.

### *Druk van Psalmboeke*

Intussen sal die bestaande vyfde hersiene uitgawe van die Totius-

beryming (swart Psalmboek), wat heeltemal uitverkoop is, opnuut hersien en met die goedgekeurde Skrifberymings opgedateer word. 'n Sesde hersiene uitgawe sal so spoedig as moontlik verskyn.

In verband met die 2001-Psalmbboek (groen Psalmboek) het die sinode kennis geneem dat die deputate wat die Psalmboek moes uitgee teen hulle opdrag in 'n eie nommering en rubrisering van Skrifberymings ingevoer het. Ook is op eie inisiatief drie Amen-liedere as Skrifberymings in die bundel opgeneem. Omdat die huidige nommering verwarring skep, is aan die deputate opdrag gegee om dit 'verbruikersvriendelik' te maak. Die deputate moet ook opnuut aandag aan voetnote by die Psalms gee, deur slegs dié Psalms wat eksplisiet Christologies-Messiaanse duiding het (Psalms wat Christus self aanhaal), in die voetnote op te neem. Van die 43 000 Psalmboeke wat gedruk is, is daar nog ongeveer 10 000 oor.

### *Besware teen 2001-omdigting*

Die sinode moes hom oor sewe beswaarskrifte teen die 2001-omdigting uitspreek. Die belangrikste punte van beswaar was: kritiek teen die 2001-omdigting is nie behoorlik aangehoor en verreken voordat die omdigting vir gebruik in die kerke aanbeveel is nie; die omdigting word aanbeveel sonder dat dit deur die sinode goedgekeur is; die Verbondsnaam Jahweh is weggedig; die uitsluitlik Messiaanse karakter van Psalm 110 word in die omdigting misken; die omdigting is teen die Skrif en belydenis; die omdigting is gebaseer op 'n verkeerde Skrifbeskouing oor die Godheid van Christus en die Heilige Gees. Die sinode het alle beswaarskrifte op elkeen van die gronde afgekeur. Tog is daar besluit om die grondliggende vraagstukke deur studiedeputate te laat ondersoek, wat sinode 2009 moet adviseer. Langs dié weg gaan gepoog word om die onrus wat daar in die kerke oor die omdigting is, aan te spreek en uit die weg te ruim.

## *Ander liedere*

Weens gebrek aan tyd het die sinode die beswaarskrifte van PS Randvaal met betrekking tot die 'vrye lied' nie behandel nie, maar na studiedeputate verwys. Die term 'vrye lied' verwys na 'n Skrif- en belydenisgetroue lied. Dit is die toonsetting van 'n lied wat getrou is aan die boodskap van die Skrif en/of belydenis (waaronder talle gesange). Hierdie lied moet duidelik onderskei word van 'n Skrif- en belydenis-identieke lied, wat 'n Skrifberyming is.

## **Nuut saamgestelde kerkverband**

Die sinode het besluit om meerdere vergaderinge op 'n heeltemal nuwe basis in te deel. Waar daar voorheen 'n Sinode Middellande (swart kerke in die sentrale deel van Suid-Afrika), Sinode Soutpansberg (swart kerke in Venda) en Sinode Suidland (Kleurlingkerke) was, word alle Gereformeerde Kerke van die onderskeie sinodes in nuwe meerdere vergaderinge heringedeel: klassies, streeksinodes en 'n generale sinode. Oor die implementering van die besluit sal daar nog verder gedink moet word, veral wat die samestelling van die agendas en die voertaal tydens die vergaderinge betref. Sinode Suidland is reeds by die GKSA ingeskakel, Sinode Middellande het aangedui dat hulle met die ooreengekome reëling instem, maar Sinode Soutpansberg moet nog 'n besluit oor die nuut saamgestelde kerkverband neem.

## **Ooreenkoms GKSA en Noordwes Universiteit**

'n Ooreenkoms tussen die GKSA en die Noordwes Universiteit is tydens die sinode onderteken. Prof Annette Combrink, rektor van die Potchefstroomkampus van die Universiteit, prof Dries du Plooy, dekaan van die Fakulteit Teologie, en ds Pieter van der Walt, voorsitter van die Kuratorium van die Teologiese Skool, het die ooreenkoms voor die volle sinode onderteken.

Daar het vir bykans 140 jaar 'n besonder noue band tussen die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die destydse Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys bestaan. Die Universiteit het uit die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerke gegroei. Die Gereformeerde Kerke het ook lede van die Raad van die Universiteit benoem. Predikante van die Gereformeerde Kerke wat aan die Teologiese Skool opgelei is, het hul opleiding en grade van die PU vir CHO ontvang.

Kragtens die regering se rasionaliseringsbeleid ten opsigte van tersiêre instellings het die Potchefstroomse Universiteit vir CHO, sy kampus in die Vaaldriehoek en die Universiteit van Noord-Wes op Mafikeng in 2004 een saamgesmelte instelling, die Noordwes Universiteit geword. Die nuwe Noordwes Universiteit het kampusse te Potchefstroom, Mafikeng en die Vaaldriehoek. Met die samesmelting moes 'n nuwe ooreenkoms tussen die Gereformeerde Kerke en die Noordwes Universiteit aangegaan word.

Volgens Prof du Plooy word die teologiese opleiding met die oog op predikantskap in die GKSA hiermee deur die Universiteit geakkrediteer sodat teologiese grade volgens die Universiteit se vereistes toegeken kan word. Hierdie ooreenkoms maak verder voorsiening vir die wyse waarop die GKSA en die Universiteit mekaar ondersteun en help. 'Ons is baie dankbaar dat die verbintenis tussen die GKSA en die Universiteit hiermee voortgesit word, ten spyte van bekommernisse dat die samesmeltingsproses die Teologiese Skool van die Universiteit sou vervreem. Ek is daarvan oortuig dat dit tot voordeel van albei instellings sal wees', het prof Du Plooy gesê.

Prof Combrink het tydens die ondertekening haar vreugde uitgespreek dat die ooreenkoms opnuut gesluit kon word. Sy het haar hartlike samewerking beloof en het die wens uitgespreek dat hierdie verhouding in die toekoms verder uitgebou sal word.

## **Diakonale sake**

### *SDDS*

Die Sinodale Deputaatskap vir Diakonale Sake (SDDS) bestuur verskeie ouetehuse en kinderhuse dwarsdeur die land. Die finansiële druk op die tehuse word jaarliks groter, veral vanweë vermindering in staatsubsidie. Die Sinode besluit om met die Residentia Stigting 'n ooreenkoms aan te gaan vir die bestuur van Glenzicht op die Oosrand.

### *Bystandsfonds diakonieë*

Lidmate se finansiële nood in die onderskeie Gereformeerde Kerke verskil drasties van plek tot plek. In die lig daarvan is besluit om 'n Bystandsfonds vir diakonieë te stig, wat onderlinge diakonale hulp tussen gemeentes bevorder. Om die bystandsfonds, wat deur die SDDS bestuur word, te versterk, word een vrywillige kollekte per jaar vir dié doel afgesonder.

## **Kerklike Media en Publikasies**

### *Acta 2003*

Heelwat probleme is met die betroubaarheid van die Acta van Sinode 2003 ondervind. Verskeie dele in die Acta is nie 'n noukeurige weergawe van Sinode 2003 se handeling en besluite nie. Derhalwe is besluit om 'n hersiene Acta uit te gee, wat elektronies (per CD) versprei sal word. Errata by wyse van plakkers sal ook beskikbaar gestel word, wat in die reeds uitgegewe Acta aangebring kan word.

### *GKSA Webblad*

Daar word voortdurend aan die voorkoms, ontwikkeling en opdatering van die webblad van die GKSA gewerk. Plaaslike kerke wat hulle eie webblad het, kan 'n skakel na die GKSA blad maak. Die adres is: [www.gksa.org.za](http://www.gksa.org.za)

### *Calvyn Jubileum Boekefonds (CJBF)*

Die deputate CJBF werk aan 'n

heruitgawe van die Afrikaanse vertaling van Calvyn se Institusie. Die heruitgawe sal eweneens 'n sakeregister bevat. Voorts word daar op 'n kontinue basis aandag aan die uitgee van goeie evangeliseringsmedia gegee.

Die sinode het besluit dat elke kerkraad ter wille van effektiewe en goedkoop kommunikasie 'n elektroniese posbus (e-pos adres) sal bekom en aan die Administratiewe Buro sal deurgee.

## Kerk en owerheid

Ingrypende besluite is geneem wat die kerke sal help om hulle profetiese roeping teenoor die owerheid te kan uitvoer.

### Parlementêre lessenaar

Daar is besluit dat die Gereformeerde Kerke sal meewerk met die parlementêre lessenaar

van die NG Kerk wat deur dr Ben du Toit in Kaapstad beman word. 'n Finansiële bydrae tot die befondsing van die lessenaar is goedgekeur. Langs dié weg word die Gereformeerde Kerke in staat gestel om mee te werk in die proses van vroegtydige monitering van wetgewing wat in die parlement ter tafel geneem word. Dit sal die Gereformeerde Kerke ook in staat stel om via sy deputate voorleggings aan portefeuljekomitees te doen wanneer wetgewing of ander beleidstukke vir indiening by die Nasionale Vergadering voorberei word.

### Lidmaatskap SARK

Die Sinode het verder besluit dat die Gereformeerde Kerke aansoek moet doen om lidmaatskap van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK), aangesien die SARK die enigste effektiewe kanaal is vir gesprek met die owerheid op die hoogste

vlak. Die Sinode het beklemtoon dat die Gereformeerde Kerke hul onafhanklikheid en reg tot eie standpunt oor aktuele sake, waarmee die SARK handel, behou. Waar daar ernstige en wesenlike verskil oor standpunte of handeling van die SARK is, sal die Gereformeerde Kerke 'n eie standpunt stel wat ook aan lidmate gekommunikeer sal word. Die Deputate Gesprek met die Owerheid het opdrag om die volgende Sinode te adviseer oor voortgesette deelname aan die aktiwiteite van die SARK.

### Plaaslike insette

Die Sinode het ook klem gelê op die roeping en geleentheid van plaaslike kerke om met regeringsinstellings op die derde vlak van regering te skakel en die getuieis van die Skrif oor aktuele sake op die plaaslike vlak sodoende deur te gee.

## KERKERF

Ds GJ Meijer, Wonderboompoort

# Sinode 2006 en Handeling 15 (2)

Uit die eerste verse van Handeling 15 word dit duidelik dat die Here sy kerke, wat Hy plaaslik vergader, in een verbond aan mekaar verbind. Kerkverband is 'n wonder wat die Here werk. Kerke wat op dieselfde geloofsbasis staan, is een - dit is 'n gegewe.

Kerke moet egter hard daaraan werk om die onderlinge eenheid te beleef en uit te bou. Omdat ons bestaan gebroke is, is die eenheid van kerke voortdurend in die spervuur. Dit het die kerk van Jesus Christus in Antiochië ondervind toe daar predikers uit die susterskerk in Jerusalem na hulle toe oorgekom het en dwaalleer oor die besnydenis in hulle midde kom verkondig. 'n Ernstige woordewisseling het as gevolg daarvan ontstaan. Binne die

eerste kerkverband word daar *stryd* gevoer ter wille van die waarheid, en die eenheid op grond van die waarheid.

Genadiglik laat die Here sy kerke nie aan hulle lot oor nie. Die *krag* van die kerkverband blyk daaruit dat gelowiges mekaar altyd in die Here kan soek en vind. Wie waarlik een is in geloof, sal in gehoorsaamheid aan God hulle onderlinge verskille kan bylê.

Die vervolg van Handeling 15 gee insae in die manier waarop die vraagstuk insake die besnydenis opgelos is. Die kerkverband belê 'n vergadering sodat die verskil uit die weg geruim kan word en die kerke in eenheid met mekaar kan verder gaan.

## Broeders in Christus

Die apostels en ouderlinge het saamgekom om die besnydeniskwessie te ondersoek. Dit is opmerklik dat die gemeente van Jerusalem ten nouste by die kerkevergadering betrokke is. Reeds toe die ampsdraers van Antiochië in Jerusalem aangekom het, was die gemeente daar om hulle te verwelkom. Die gemeente het die verrigtinge met belangstelling gevolg (vers 12). As daar besluite geneem moet word, is die gemeente selfs by om hulle inset te lewer (vers 22). So is dit reg. 'n Kerklike vergadering is geen geheime samekoms agter geslote deure waarvan die gemeente(s) uitgesluit word nie. Uiteraard is daar sekere sake wat *in camera* bespreek en

beslis moet word. Maar deurgaans is die vergadering oop. Dit is goed dat lidmate weet wat daar gebeur. Per slot van sake raak dit wat daar bespreek en besluit word elke lidmaat direk.

Die vergadering in Jerusalem het op 'n hoë noot begin. Die afgevaardigde ampsdraers van Antiochië doen verslag oor al die dinge wat God met hulle gedoen het. Nie die 'Handelinge van die apostels' nie, maar die 'Handelinge van God' dien as vertrekpunt vir die vergadering se werksaamhede. Dit is belangrik om op hierdie manier te werk. Wie met menslike verskilpunte begin, sal hoogs waarskynlik in 'n menslike verskilpunt eindig. Wie met eenheid in die Here begin, sal die verskilpunte in die Here kan uitsorteer. Die begin in Jerusalem was goed.

Die vervolging was minder voorspoedig. In reaksie op die verslag van die ampsdraers uit Antiochië het sommige gelowiges uit die party van die Fariseërs opgestaan (vers 5). Hulle het driftig opgestaan, in die vergadering opgevlieg. Dit wat hulle sê, sluit by hulle onstuimige optrede aan: 'dit is noodsaaklik dat hulle - die heidene wat tot geloof kom - besny word en bevel ontvang om die wet van Moses te onderhou'. Hier is geen sprake van rustige, ordelike gesprek nie. Daar word onmiddellik eise gestel: die besnydenis is 'n moet, die onderhouding van Moses se wet is 'n moet. Hierdie eise is selfs meer as dit wat die predikers in Antiochië gestel het. Opvallend, daar word nie gesê: 'So sê die Here' nie. Dit is menslike eise hierdie. Omdat dit menslike eise is, is dit ook waarskynlik die rede waarom dit so heftig gestel word. As 'n mens jou saak wil stel, help dit soms om ontsag in te boesem deur kras op te tree. Party mense val daarvoor. Maar so verwag die Here dit nie van sy kinders nie. Sy lewende Woord kan rustig gestel en aangehoor word. Die oortuigingskrag sit in die Woord!

Die driftige optrede van die gelowiges uit die party van die Fariseërs het opnuut tot 'n groot woordewisseling gelei. Die geskiedenis van Antiochië herhaal

homself. So kom daar geen vordering nie. Daarom dat Petrus opstaan. Hy is in die gemeente van Jerusalem 'n gerespekteerde voorganger. Hy skep orde in die onstuimige vergadering. 'Broeders' - so spreek hy die aanwesiges aan. Broeders, medegelowiges: almal van julle. Die ampsdraers uit Antiochië is broeders. So-ook die gelowiges uit die party van die Fariseërs. In die aanspraak 'broeders' lê 'n enorme appèl opgesluit. Broeders, laat ons onself nie onnodig opwerk en vertoorn nie. Laat ons daaraan dink wie ons is, wat die doel van die vergadering is, wat ons hier moet doen. Ons is almal kinders van God, ampsdraers in diens van die Allerhoogste, geroep om in rustigheid en verantwoordelikheid die sake te behandel wat ter tafel is.

### Deeglike ondersoek

In lyn met die aanspraak gaan Petrus voort om die inhoud van die besnydenis-vraagstuk aan te roer. Hy verwys na sy eie optrede in die huis van die hoofman Cornelius. Vir hom wat Petrus is, was dit aanvanklik nie maklik om na die heiden-man Cornelius toe te gaan nie. Die Here moes hom met 'n laken vol rein en onrein diere oortuig dat Christus die Ou Testament vervul het en die pad na die heidene oopgemaak het. Toe het Petrus gegaan en die heiden-gesin wat tot geloof gekom het gedoop. Op daardie dag het hy met sy eie oë gesien hoe die Heilige Gees op Cornelius-hulle uitgestort word. Oor al hierdie dinge praat Petrus vrymoedig. Na aanleiding van dit wat hy beleef het, stel hy die kritiese vraag: mag daar 'n ekstra juk op die heidene gelê word deur te verwag dat hulle besny moet word? Is dit reg om te eis: glo in Jesus Christus én word besny? Petrus antwoord die vraag self. 'Ons glo dat ons deur die genade van die Here Jesus Christus gered word op dieselfde manier as hulle ook'. Broeders uit die party van die Fariseërs: julle eis is verkeerd. Broeders wat in Antiochië gepreek het: julle preek was dwaalleer, dit is nie Skriftuurlik nie.

'En die hele menigte het geswyg'.

Petrus se spreekbeurt skep rustigheid. Wat hy sê, is die waarheid. Tog ontbreek daar iets in wat hy sê. Almal swyg: niemand verskil nie, maar ook is daar niemand wat tot 'n besluit kan kom nie.

Die volgende sprekers is Barnabas en Paulus. In dieselfde trant as Petrus vertel hulle van al die tekens en wonders wat God deur hulle onder die heidene gedoen het. Die praktiese voorbeelde van hoe God in Christus die Ou Testament vervul het, word vermenigvuldig. Maar die hele menigte swyg steeds.

Toe praat Jakobus, 'n ander voorganger in die Jerusalemse gemeente. Jakobus bevestig alles wat Petrus en Barnabas en Paulus reeds gesê het. Dan gaan hy 'n stap verder as hulle. Hy maak die Skrif oop en beduie: kyk, alles wat gesê is, staan swart op wit geskrywe. Dit wat Petrus en Barnabas en Paulus beleef het, stem ooreen met die woorde van die profete. Jakobus haal aan uit die profesie van Amos (9:11 en 12). God gaan die vervalte hut van Dawid weer oprig. Hoe? Vir wie? Allereers vir die gelowige oorblyfsel uit Israel wat die HERE van harte soek. Maar ook vir die ander nasies oor wie die Naam van die Here uitgeroep is. Ook die heidene sal ná Pinkster in God se ryke beloftes deel.

Vanuit die Skrifte toon Jakobus aan dat die ander ampsdraers wat uit die praktyk gepraat het, reg is. Op grond van die Skrifte kom hy tot 'n slotsom: 'daarom oordeel ek dat ons die wat uit die heidene hulle tot God bekeer, nie moet bemoeilik nie' (vers 19). Broeders wat preek dat die besnydenis 'n moet is, broeders uit die party van die Fariseërs wat maak asof Christus die Ou Testamentiese wet van Moses nie vervul het nie - kom ons buig almal saam voor die Skrifte! Jakobus se oordeel oor die eis van die strydende broeders is klinkklaar. Die Skrifte het gepraat - dan is dit klaar gepraat.

Jakobus het ook nog 'n boodskap aan die adres van die bekeerde heidene. Oor hulle nuwe lewenswandel oordeel hy dat hulle



hul geheel en al moet weerhou van alle heidense praktyke, soos afgodsoffers en hoerery en alles wat daarmee saamgaan. Heidene wat christene geword het, moet deur hulle lewenswandel laat blyk dat hulle waarlik kinders van God is. Hulle is mos gedoop in die Naam van die Drie-enige God? Laat dit dan ook sigbaar wees in hulle optrede. Leef soos kinders van die lig! - dit is Jakobus se Skriftuurlike boodskap aan die bekeerde heidene.

Uit hierdie verloop van sake word dit duidelik hoe daar in die kerk van die Here gehoorsaam en weloorwoë en soekend vir die behoud van die ander opgetree behoort te word. Erken en respekteer mekaar as broeders, ook al verskil 'n mens op 'n bepaalde punt radikaal van mekaar - daar begin dit. Werk op daardie basis met die Woord van God. Menslike ervarings, hoe waar en mooi en goed hulle ook al mag wees, gee nie die deurslag nie. Omdat 'n ding altyd so gewerk het, is nog geen bewys dat dit reg is en dat 'n mens daarmee moet voortgaan nie. Die Woord van God is die waarheid. Op sterkte daarvan kan ons sake uitsorteer. Gelei deur die Woord kan ons tot beginselvaste oordele kom wat met vrug in die kerklike lewe uitgevoer kan word.

## Eenparige besluit

Tot drie maal toe word daar in Handeling 15 herhaal *dat* en *hoe* die vergadering tot 'n besluit gekom het: 'toe het die apostels en die ouderlinge saam met die hele gemeente besluit' (vers 22); 'ons het eenparig besluit' (vers 25); 'want die Heilige Gees en ons het besluit' (vers 28). Elke keer val die klem op iets anders. In die eerste plek: 'die Heilige Gees en ons het besluit'. Dit beteken dat die Heilige Gees vir Jakobus lei om die Skrifte oop te maak en toe te pas. Langs dié weg is die besluit wat geneem is 'n besluit van die Heilige Gees en die kerkvergadering in Jerusalem. In die tweede plek: 'ons het eenparig besluit'. Die ampsdraers van die aanwesige gemeentes was eensgesind. In die kerkverband word een besluit geneem. Die gevaar van

tweedrag word met die eenparige besluit finaal uit die weg geruim. Daarmee saam, in die derde plek: die hele gemeente van Jerusalem is deel van daardie eenparige besluit. God die Heilige Gees het ook in die harte van die gelowiges uit die party van die Fariseërs gewerk. Na aanleiding van alles wat hulle gehoor het, het hulle ingesien dat hulle verkeerd is. Die predikers wat in Antiochië die besnydenis as absolute voorwaarde vir redding gestel het, erken die erns van sulke dwaalleer. Hulle skaar hulle almal eendragtig agter die profesie van Amos en die toepassing daarvan.

'Die Heilige Gees en ons het besluit', 'ons het eenparig besluit', 'ons het almal saam besluit': so kan en moet daar in meerdere vergaderings gewerk word. Ons moet bid vir leiding van die Gees. Ons moet vra vir harte en verstande wat wyd oopstaan vir die evangelie van Jesus Christus. Ons moet in die Skrifte soek na die suiwer beginsel. Ons moet deurdring tot die kern van vraagstukke sodat ons die beginsel lynreg kan toepas. Dan kan ons in eerbied sê 'ons het onder leiding van die Heilige Gees besluit'. Dan kan ons ook vertrou dat daar oor belangrike sake eensgesindheid sal kom. Dan hoef ons nie bevrees te wees dat sekere lidmate of kerke in die kerkverband later met besware na vore gaan tree nie. Die vergadering wat hom volkome deur die Gees van Christus laat lei, sal eensgesind wees in dit wat hulle besluit.

Wat die inhoud van die besluit van die kerkvergadering in Jerusalem betref, is dit opmerklik hoe gelowigsensitief daar te werk gegaan is. Die afgevaardigdes van Antiochië word nie net met 'n besluit op papier huis-toe gestuur nie. Twee voorgangers van die gemeente in Jerusalem, Judas en Silas, gaan saam om die besluit mee te deel en toe te lig. Bowendien gaan die gemeente van Jerusalem in op die onrus wat hulle predikers se dwaalleer in Antiochië veroorsaak het. Die gemeente in Jerusalem besef baie goed dat die vertrou tussen die kerke geskaad kon word. Daarom gee hulle 'n verduideliking, dat hulle vir die

betrokke predikers geen opdrag gegee het om sodanige leer oor die besnydenis te verkondig nie. Ook spreek hulle die hoop uit dat die eenparige besluit wat hieroor geneem is, alle onrus en ontsteltenis uit die susterskerk se hart sal wegneem.

In al hierdie dinge proe 'n mens die mooiheid van gelowige beleving van kerkverband. Susterskerke van een kerkverband luister na mekaar, dra mekaar, vertrous mekaar, bemoedig mekaar. So verwag die Here dit van ons. Aan dié dinge moet ons in ons Gereformeerde kerkverband hard werk. Dit gebeur dikwels dat sake by 'n klassis of 'n sinode klinies-koud hanteer word. Formeel word al die punte dan bes moontlik korrek gestel. Sake word 'met bekwame spoed' behandel en afgehandel. Breedvoerige notules word opgestel en na die tyd aan al die kerke beskikbaar gestel. Dan kom die vraag tog op: waar is die warmte wat hiermee moet saamgaan? Nee, geen sentimentele warmte wat die skerpheid van sake stomp maak nie. Maar die warmte van die Heilige Gees waarvan die hele Handeling 15 gloei. Warmte wat Paulus en Barnabas vurig laat opstaan as daar dwaalleer verkondig word. Ook warmte wat dwaalleraars tot bedaring bring as Jakobus die Skrifte laat spreek. Warmte wat die vergadering 'n brief laat skryf waarin hulle die kerk van Antiochië bemoedig om nie verontrus te bly nie. Van sulke heilige warmte moet ons vol word. Dan kan 'n kerk met 'n bepaalde saak of probleem na die kerkverband toe gaan. Die kerkverband sal sê: ons sal deeglik na julle saak luister, opreg daarop ingaan, eerlik daarop antwoord in die lig van Gods Woord.

Kerkverband is 'n gawe van God die Here. Die Here se eis wat hiermee saamgaan, is dwingend: kom op die basis van broederskap in die Here bymekaar, ondersoek sake diepgaande, besluit eendragtig in ware geloof. Dan sal die kerkverband goeie vrug oplewer waarmee die plaaslike kerke sinvol kan werk.

# Op 'n punt van liefde

In die stortvloed van reaksies op die besluit van Sinode 2006 insake die diens van vroue in besondere ampte, is daar deurgaans gargumenteer dat die sinode se besluit tegnies van aard is. Die Skrif het nie gespreek nie, maar die kerkorde – so word daar gesê. Nie die Here se wil nie, maar mensgemaakte reëls word ingespan om die saak van die vrou in die amp te beoordeel.

Dit is van belang om dié argument teen die sinode-uitspraak te weeg. Is dit werklik so dat Sinode 2006 bloot op tegniese, formele gronde besluit het om die besluit van Sinode 2003 – waarvolgens vroue tot die amp van diaken verkies kon word – ongeldig te verklaar? 'n Voëlvlug oorsig oor die gebeure tydens Sinode 2006 gee duidelikheid.

## Verloop van sake

By Sinode 2006 het daar tien beswaarskrifte teen die besluit van Sinode 2003 insake die toelating van die vrou tot die diaken-amp gedien. Sommige besware het op Skrifgronde gerus, ander op kerkregtelike gronde. Nadat al tien beswaarskrifte deur kommissies ondersoek is, het die sinode besluit om die beswaar van Partikuliere Sinode Bosveld eerste te behandel. In dié beswaarskrif toon PS Bosveld op grond van artikels 31 en 46 Kerkorde aan dat Sinode 2003 gefouteer het om te besluit dat vroue in die amp van diaken verkies en bevestig mag word. Die beswaarskrif slaag op albei gronde. Die besluit van Sinode 2003 is gevolglik nietig verklaar.

Die sinode besluit om 'n kommissie aan te wys wat opdrag kry om die implikasies van die nietig-verklaring van die 2003-besluit te bepaal. Die kommissie het aanvanklik met drie moontlike voorstelle vir verdere hantering van die saak na die sinode teruggekeer, wat tot breedvoerige bespreking aanleiding gegee het. Uiteindelik is 'n vierde voorstel

eenparig en met groot dankbaarheid aanvaar.

Dit lui soos volg:

1 Die besluit van die Sinode 2006 oor die Beswaarskrif van Part Sinode Bosveld hou in dat die besluit van Sinode 2003 waarvolgens vroue tot die amp van diaken verkies kon word, in die lig van art 46 KO nie geneem kon word nie.

2 Die feit dat die beswaar van Part Sinode Bosveld geslaag het, hou volgens hierdie voorstel in dat alle sake wat voortspruit uit die rapport van 2003, nie verder op hierdie Sinode (2006) gehanteer kan word nie.

3 Studiedeputate word aangewys om die volgende Sinode op Skrifgronde te adviseer oor die vraag of vroue in die amp van diaken en/of ander georganiseerde vorme van diakonale dienswerk kan dien al dan nie, met inagneming van alle relevante materiaal, insluitend dié op tafel van Sinode 2006 sowel as die inhoudelike van die rapport van Sinode 1988. Hierdie studie moet duidelike gronde aandui indien enige Sinodebesluit deur sy aanbevelings verander moet word, sodat 'n vas en bindende besluit oor hierdie saak deur die betrokke Sinode geneem kan word.

4 Aangesien 'n aantal vroue op grond van die besluit van Sinode 2003 tot die diakondiens verkies en bevestig is en met erns hierdie diens verrig, word kerke in die lig van art 30 KO geadviseer om die volgende in berekening te bring:

- a Dat die saak van vroue wat in die amp van diaken op grond van die besluit van 2003 verkies is en dien, met groot omsigtigheid hanteer word.
- b Dat vroue wat reeds in die amp bevestig is, geleentheid sal ontvang om hulle ampswerk voort te sit in afwagting op die Skrifgefundeerde uitspraak oor

hierdie saak by die volgende Sinode.

- c Dat kerke in hulle besluite oor die verdere hantering van die roeping van vroue tot die amp van diaken in berekening sal bring dat die uitsluitel oor die Skrifgefundeerdheid daarvan DV eers by die volgende Sinode gegee sal word'.

## 'n Tweede saak

Met die besluit soos hierbo weergegee, is die omvangryke saak oor die vrou in die amp afgehandel. 'n Tweede saak het egter hiermee saamgegaan. Tydens die breedvoerige bespreking oor die implikasies van die feit dat die beswaar van PS Bosveld geslaag het, het prof JJJ van Rensburg die sinode van advies bedien.

Met verwysing na 'n beswaarskrif wat deur Sinode 2003 goedgekeur is, meen prof Van Rensburg dat daar in die Bybel geen deurslaggewende getuigenis téén die toelating van vroue in die besondere dienste is nie. Sy advies met betrekking tot die implementering van die besluit oor die beswaarskrif van PS Bosveld is: 'In gemeentes waar dit met vrede en tot opbou kan gebeur, kan bekwame lidmate van enige geslag tot die besondere dienste beroep en daarin bevestig word. Soos altyd moet hierby die Bybelse beginsel dat die eenheid van die gemeente 'n hoër prioriteit geniet as die uitlewing van persoonlike gawes, in berekening gebring word'.

Te midde van talle ander adviese en opmerkings is daar slegs kennis van dié advies geneem. In die notule word daar nie na die advies verwys nie. Die dag nadat die besluit oor die toelating van die vrou in die besondere amp gefinaliseer is, verskyn egter 'n berig in die dagblad *Beeld* wat wye en prominente publisiteit daaraan gee. Na aanleiding van die berig word besluit

om 'n kommissie aan te wys wat 'die Sinode van advies bedien ten opsigte van die moontlike verwarring na aanleiding van die advies van prof JJJ van Rensburg oor die implikasie van die besluit om Part Sinode Bosveld se Beswaarskrif te laat slaag, soos ook gereflekteer in *Beeld*, 13 Januarie 2006, p.17'.

Op grond van die rapport wat die kommissie uitgebring het, word die volgende besluit:

- 'Die Sinode neem in ag dat die advies van Prof JJJ van Rensburg moontlik verwarring in die Kerke kan veroorsaak.
- Die Sinode bevestig dat hy die advies van Prof JJJ van Rensburg slegs aangehoor het en nie die advies vir sy rekening geneem het nie.
- Die Sinode bevestig verder dat daar ten opsigte van die toelating van die vrou in al die besondere ampte duidelike besluite in 1988 geneem is (vergelyk onder andere Acta 1988,

art. 98, in besonder punte 3.6.5 (p. 519), 3.7.2. en 3.7.3 (p. 522). Hierdie besluite is op Skrifgronde geneem en is steeds geldig.'

### **Punt van liefde**

Met hierdie twee besluite van Sinode 2006 onder oë kan die vraag weer gestel word: het die sinode slegs op tegniese, formele gronde besluit om die 2003-besluit insake toelating van die vrou tot die diaken-amp nietig te verklaar?

Antwoord: dit is inderdaad so dat 'n beswaarskrif wat op twee kerkorde artikels gebaseer is, daartoe aanleiding gegee het om die besluit van Sinode 2003 ongeldig te verklaar. Die twee kerkorde artikels is egter allesbehalwe mensgemaakte reëls wat geen rekening met Gods Woord hou nie. Sowel artikel 31 as artikel 46 bind die kerke juis aan die Woord van God. Daarby beklemtoon die besluit oor die Van

Rensburg-saak dat daar in 1988 duidelike Skrifgronde uitgewys is op grond waarvan in gehoorsaamheid aan God besluit is om nie toe te laat dat vroue tot die besondere ampte verkies word nie. Die 1988-besluit is geldig tensy uit die Skrifte aangetoon kan word dat die teendeel waar is. Dit is tot nou toe nie gedoen nie.

Om nou met die argument te opereer dat Sinode 2006 met formaliteite en tegniese punte te werk gegaan het, is laakbaar. Die saak kan met reg in sy teendeel omgedraai word: is diegene wat die sinode op hierdie punt van formalisme beskuldig nie self besig met menslike gedagtespinsels en afbrekende hantering van die Skrif en die kerkorde nie? Op 'n punt van orde: let asseblief aandagtig op die geheel van die toepaslike sinodebesluite, voordat tot vinnige oordele oorgegaan word. En op 'n punt van liefde: toon respek vir die kerkverband waarvoor Christus sy bloed gestort het.

### **FOKUS**

Dr ALA Buys, Pietersburg-Noord

# **Die papierpous se dopperhoed**

## ***Die kerk se nuwe nederigheid***

Ons hoor van 'n nuwe nederigheid van die kerk. Die kerk praat nuut oor die Bybel. Nie soos die pous 400 jaar gelede nie. Toe het die pous gesê die Bybel is die kerk s'n; die Bybel het gesag omdat hy so sê. Vir baie jare het die ware kerk hierdie bewering van die pous verwerp. Ons het gesê: dit is hoogmoedig, die kerk maak nie die Bybel gesagvol nie.

Die Bybel is die Woord van God. Die belydenis is opgestel: ook NGB artikels 1-7. Dit is op kansels gepreek en op teologiese leerstoele geleer. Die kerk is nederig gepreek. Die Bybel is die Woord van God. Die Woord is onfeilbaar. Teen Rome het ons dit reguit gesê: die pous is nie onfeilbaar nie, al praat hy *ex cathedra*.

Ons het vasgehou aan twee stelreëls:

- die Bybel se gesag kom van God;
- die Heilige Gees getuig dat dit die Woord van God is.

Daarin lê die krag en die hart van die reformasie. Sonder hierdie hermeneutiese sleutel is die Skrif se gesag in die mense, die pous, die kerk, die dominee, die ouderling, die professor, die lidmaat se hande om gesagvol te verklaar – of natuurlik nie.

Nou hoor ons skielik, ook in Potchefstroom, 'n nuwe kerklike nederigheid. Dit klink God-vererend. Dit klink of dit die mens op sy plek sit. Hierdie nederigheid sê: die Skrif is onfeilbaar. Dit is waar. Maar ons interpretasie van die Skrif is nie onfeilbaar nie. 'n

Skynbare antwoord teen die post-modernisme. Dit hou die Bybel die Woord van God én dit hou die kerk nederig. Moenie jou uitsprake, jou interpretasie, jou dogma verhef tot die Woord van God nie. Vra die Gees gedurig om jou hart voor te berei om altyd weer nuwe insigte te verkry. Bly altyd versigtig. Praat van meer geldige en minder geldige eksegetiese.

### **Teen die belydenis**

Is dit waar? Is dit reg om vir die kerk 'n nuwe nederigheid te leer wat sê: die Bybel is die onfeilbare Woord, maar jou woord daarvoor is feilbaar? Hierdie nuwe hermeneutiese reël klink gereformeerde, maar is dit nie. Dit is teen die belydenis (veral NGB

artikels 5 en 7). Dit is logies om te bewys. As iemand beweer: Die Bybel is die onfeilbare Woord van God (stelling A), en ons interpretasie daarvan is nie onfeilbaar nie (stelling B), moet gevra word: Hoe weet 'n mens die Bybel is die onfeilbare Woord van God? As A en B albei waar is, skep dit probleme aangesien A 'n interpretasie van B is. Eenvoudig gestel: Dit is my feilbare interpretasie dat die Bybel die onfeilbare Woord van God is.

Alles, letterlik alles wat daarna oor en uit die Woord gesê word, bly jou feilbare interpretasie – óók, en veral stelling A. Ek sê die Bybelboek is God se Woord. Ek sê so. Die bewyslas lê by my as mens. Ek verklaar dit Woord van God, want alles wat ek van en oor God sê is en bly ten slotte my menslike feilbare mening.

Ek neem die Bybel as God se Woord. Dit is iets anders as om te sê: Ek bely die Bybel as die Woord van God.

## Interpretasie of verklaring

Wat is die verskil? Die verskil is die onderskeid tussen verklaar en interpreteer; die onderskeid tussen Goddelike openbaring en menslike bekendmaking. Is dit nou regtig so 'n groot verskil? Om te interpreteer is om betekenis moontlikhede te soek, dit te rangskik en dan die bewyslas by jouself te hou wat jy as geldig en ongeldig beskou. Dit is louter subjektivisme; ék sê wat geld en wat geld nie.

Verklaring is die verwoording van openbaring wat jy van Bo ontvang, van God. Daarvoor is 'n persoonlike verbinding met God nodig. Die heidene kan ook die Bybel interpreteer. Net gelowiges kan die Bybel verklaar as die Woord van God.

## Artikels 5 en 7

Die kerk bely die volgende oor die Bybel (NGB artikel 5): 'Ons aanvaar al hierdie boeke, en hulle alleen, as heilig en kanoniek om ons geloof daarna te rig, daarop te grondves en daarmee te bevestig. Ons glo

ook sonder twyfel alles wat daarin vervat is, nie juis omdat die kerk hulle aanvaar en as sodanig beskou nie maar veral omdat die Heilige Gees in ons hart getuig dat hulle van God is. Hulle het ook die bewys daarvan in hulleself, aangesien selfs die blindes kan tas dat die dinge wat daarin voorspel is, plaasvind'.

Ons glo en bely verder (NGB artikel 7): '... dat hierdie Heilige Skrif die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word. Aangesien die hele wyse waarop God deur ons gedien moet word, daarin breedvoerig beskrywe word ... blyk dit dat die leer daarvan heeltemal volmaak en in alle opsigte volkome is. Ons mag geen geskrifte van mense, hoe heilig die mense ook al was, met die Goddelike Skrif gelykstel nie; ook mag ons nie die gewoonte of die groot getalle of oudheid of opvolging van tye of van persone of kerkvergaderings, verordeninge of besluite met dié waarheid van God gelykstel nie, want die waarheid is bo alles. Ons verwerp daarom met ons hele hart alles wat nie met hierdie onfeilbare reël ooreenkom nie'.

## Hoogmoed of nederigheid

'n Onfeilbare reël? Dit klink nie nederig nie. Hoe kan die kerk dit bely? Is dit nie hoogmoedig nie? Hoogmoed teen God en medemens om jou interpretasie te verhef tot die waarheid van God nie? Nee, dit wil ons nooit doen nie. Daarom die nuwe nederigheid: sê nog die Bybel is die Woord van God, maar hanteer alles wat jy daarvoor sê - ook wat jy nou net gesê het - as feilbaar.

Wat is dit nou vir ons? Wat is dit vir die Gereformeerde (Afrikaanse) Kerke in Suid-Afrika; vir ons professore en ons predikante - beide as dienaars van die Woord; vir ons teologiese studente - die profeteseuns; vir ons ouderlinge; vir al ons lidmate? Is dit feilbaar of onfeilbaar?

Ons bely 'n onfeilbare reël. Die nuwe nederigheid bely, nee, verlei om te sê: alles wat jy sê, o kerk, is feilbaar. Hierdie nuwe

hermeneutiese reël wat nie net van kansels af gepredik word nie, maar ook agter kateders geleer word, is lynreg in botsing met die belydenis. Dit is teologiese oneerlikheid. Dit is verleiding van die kerk. Om dan nog te praat oor die werking van die Heilige Gees - by nábaat, is bedroewing van dieselfde Gees. Die Heilige Gees het die hele Skrif ingegegee, én verklaar die Skrif vir die kerk.

Ons weet dat die Bybel die Woord van God is, omdat Christus self dit aan ons bekend gemaak het. Hy het as die Woord tot ons gekom (Johannes 1:14). Hy het dit gesê. Sy Gees het in ons getuig dat dit die waarheid is. Is dit interpretasie? Hoegenaamd nie. Dit is verklaring, dit is belydenis, dit is antwoord op die Woord. Ons aanvaar dat die Bybel die Woord van God is. Ons put lering (vaste kennis) daaruit, ons rig ons geloof daarna, ons grondves ons geloof daarop, ons bevestig ons geloof daarmee. Ons geloof, ons saligmakende geloof, hang aan hierdie draad: die Bybel is die Woord van God. In die Woord staan geskryf van die Christus, van die hemel en die hel, van die Gees wat vir ons die dinge verduidelik - nie dat ons interpreteer na gelang van ons post-moderne gemaksones nie. Die kerk moet ophou interpreteer en weer begin verklaar. Dit is nederigheid. Om werklik te buig voor die gesag van die Woord. Christus is nie 'n konstitusionele monarg nie. Ons verleen Hom nie gesag om oor ons te regeer met ons interpretasie van Hom nie. Dan kan ons die waarheid verander soos wat dit by ons pas.

## Wie of wat?

Die belydenis van die kerk is vir God belangrik. Jesus Christus vra in Matteus 16 aan sy dissipels, aan die kerk: 'Maar julle, wie sê julle is Ek?' Christus vra nie aan die Gereformeerde Kerke vandag: Wat sê julle oor My of van My nie? Luister mooi na die vraag: 'Maar julle ...' Maar julle, teenoor al die valse interpretasies van die wêreld, wat óf swyg óf praat oor My, 'Wie sê julle is Ek? Nooit mag die kerk

Christus se vraag vervang met Pilatus se filosofiese na-vraag: 'Wat is waarheid?' nie. Wat is nie Wie nie.

Durf ons sê: ons interpreteer dat die Bybel U Woord is? Ons interpreteer Jesus as die Christus? Dit bly egter feilbare woorde, want die gesag-swaartepunt lê nou onontkenbaar by stelling B en nie by stelling A nie. Daar lê die angel. Die vraag sal en moet gevra word: Watter van die interpretasies oor God se Seun en sy Woord is feilbaar en watter is nie? Watter stelreël is daar, behalwe jou eie gemoed, wat jy demokraties op 'n sinode sit en toets? Jy stem oor wat jou waarheid is. Is dit nederigheid of is dit juis die ergste hoë vergrype aan God se openbaring in die naam van nederigheid teenoor God? Wil jy dan nie meer

gereformeerd wees nie? Wil jy nou Rome reg bewys na soveel eeue? Ek het gedink die Doppers dra nie meer hoede nie, veral nie die pous se mus nie.

## Verwerping

God se Seun werk nie met kerklike interpretasie nie. Hy sê: 'Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is'.

Wie sê jý is die Seun van die mens? Wil jy 'nederig'-feilbaar sê: Ek praat darem nog van Hom as die Christus? Of wil jy saam met die ware kerk bely: Die Bybel is die onfeilbare Woord van God? God sê so in die Skrif. God die Gees sê so in my hart. Jesus Christus is God.

Daarom verwerp ek alles met my hele hart wat nie met hierdie onfeilbare reël ooreenkom nie. Daarom verwerp ek hierdie nuwe hermeneutiese reël as teen die belydenis. My nederigheid is 'n belydenis wat na-praat wat God self sê. Dit is my ewige lewe. Dit is my stryd teen die post-moderne hoogmoed van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

Christus het vir die hoogmoediges gesê: Wie sê julle is Ek? Ek is ook nie werd om skoene vas te maak nie, wat staan nog gewetens te bind? God weet wat die wêreld oor Hom sê. God wil hoor wat sy kerk vir Hom oor Hom sê. Jesus is God. Wie het dit vir jou gesê (A)? Antwoord God (B) – in geloof, met oortuiging wat eie is aan geloof!

PERSSKOU

Ds GJ Meijer, Wonderboompoort

# Van buikspraak aangekla

Die besluit van Nasionale Sinode 2006 insake die toelating van die vrou tot die besondere amp is nie net binne die kerkgemeenskap nie, maar ook buite die GKSA 'n onderwerp waaroor land en sand bespreking gevoer word. Die dagpers het die besluit op die weegskaal geplaas, en ... ?

Uit vier verskillende artikels word uittreksels geneem wat aandui hoe daar van buite die GKSA oor die sinodebesluit geoordeel word.

In *Beeld* van 17 Januarie skryf **Pieter van Niekerk**, predikant van die Verenigende Gereformeerde Kerk, onder die opskrif 'Skrik wakker, broeders!': Die nasionale sinode van die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika (GKSA) se besluite rondom die vrou plaas (die) kerk(e) se geloofwaardigheid weer eens op die spel. Dit gaan dié keer nie oor gay regte soos in die NG Kerk nie, maar oor die regte van die vrou in die amp as ouderling en predikant. Dit lyk of die vroue-diaken ook haar amp in dié kerk kwyt is. Gereformeerde vroue mag nie die kerk in dié besondere ampte dien nie. Ek betwyfel nie die integriteit en die erns van dié kerk, spesifiek die

*kerkleiers en sinodegangers in hul omgaan, lees en verstaan van die Bybel nie; die Gereformeerde Kerk is bekend daarvoor dat hulle stadig en eerlik besluite neem.*

*Maar dié kerk se invalshoek waarmee die Bybel gelees word, klink vir my oud. Dit lyk of die pre-moderne kultuurhistoriese gees en konteks waarin die Bybelse teks geskryf is, steeds normgewend vir die hedendaagse kerk is. Dit blyk dat die post- moderne samelewing waarin dié kerk haar bevind, geïgnoreer word. Anders gestel: Elemente van die destydse Bybelse konteks waarin die teks gestalte gekry het, word deel van die hart van die evangelie gemaak; terwyl dit lyk of die hedendaagse konteks geen invloed op die Bybelse teks het nie. Die teks het twee kontekste, 'n historiese en resente geskiedenis, wat die verstaan van die Bybel beïnvloed.*

*Bybellees is dinamies, dit veronderstel dat lesers nuut na die teks kyk, in hul geloof groei en 'n onderskeidingsvermoë ontwikkel. Dit vra van Bybelse lesers om soms geloofskuiwe en regstellings te maak.*

*Soms moet gelowiges, gemeentes en kerke regstellings in hul verstaan van God, die kerk en die Bybel maak, veral wanneer die kerk bewus word dat sy geloof wanfunksioneel raak en teen ander diskrimineer. Waarskynlik die grootste vorm van diskriminasie, selfs groter as apartheid in die kerk, is die diskriminasie teen vroue - dit word vandag nog ervaar en is universeel.*

*Dit vra 'n opregte bewussyn en sensitiwiteit teenoor die miskennis van vrouelidmate as gelykes in die kerk. Die kerk met haar kultuurhistoriese bagasie van manlike oorheersing en oriëntering sal dit moet afskud - om waarlik 'n geloofwaardige, verteenwoordigende geloofsgemeenskap te wees. Eers dan kan die kerk diskriminasie, verontregting, uitbuiting van hul weerloosheid en misbruik van duisende vroue in die gemeenskappe bestry.*

*Dis jammer dat die GKSA, wat swart en wit kerke wil verenig, so met die erkenning van vroue worstel. Die Rooms-Katolieke Kerk sukkel ook wêreldwyd daarmee. Die gelykwaardige erkenning van vroue beteken egter nie dat mans nou uit*

die kerk geskop behoort te word nie. Néé, net 'n "geslagsewewig" is noodsaaklik met die gevolg dat die "kring van gelowiges" groter word en daar teenoor niemand gediskrimineer word nie; veral op leidinggewende en besluitnemingsvlakke. God se genade sluit nie uit nie, maar in. Dié genade word in God se kerk en gemeentes vergestalt. Ware geloof in Jesus Christus is die enigste voorwaarde vir kerklidmaatskap en kerkleierskap en nie geslag of kleur nie ...

Die profeties-evangeliese oproep tot restituisie, wat hoofsaaklik die herstel en heling van slagoffers van verkeerde handeling deur ander impliseer, geld tog nie tussen lidmate, toevallig swart of wit, gelykes in een kerk, met dieselfde belydenis, geskiedenis en karakter nie. Die ontdekking en benutting van lidmate (onder wie predikante) se Godgegewe gawes is die enigste riglyn vir aanstellings in die kerk - nie ras of geslag nie. Die een nuwe mensheid waarvan die Nuwe Testament getuig, word bedreig. God se genade is gelykmakend en regstellend. Selfs die Bybelskrywer Paulus, met sy eie kulturele bagasie, skryf dat mensgemaakte onderskeidings soos ras, geslag en status nie vir Christus geld nie. Christus se inklusiewe genade is veronderstel om in die kerk sig- en hoorbaar te wees.

Soms help nuwe lewensituasies die kerk in haar erns om die Bybel goed te verstaan, maar soms beduiwel dit die hart van die evangelie, soos sekere antieke Bybelse kontekste. Maar dit bly my perspektief op die saak!

**Wilhelm Jordaan** skryf in Beeld van 18 Januarie: "Ons is nou klaar gekoek, getert en gekoeksister." Só skryf 'n klompie vroue in 'n brief (Beeld, 16 Januarie) oor die nasionale sinode van Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se besluit wat impliseer vroue mag voortaan nie as diakens in dié kerk dien nie. Dít terwyl vroue in 2003 wel tot dié amp toegelaat is. Natuurlik is dié vroue ontsteld en kwaad. Want dit reduceer vroue tot mindere kerklike (ook geestelike) wesens. Daarom skryf hulle tereg: "Die sinode het ons as vroue teleurgestel, nie net oor die lukrake besluite wat geneem is nie, maar oor die totale ongsaamheid van die werklike taak van die Kerk. Ons taak is nie om tee te skink op kerkraadsvergaderings en die sinode nie. Ons taak is nie om stil te bly nie. "Ons het 'n Goddelike opdrag om Sy Woord te volvoer en met ons gawes te

dien - met of sonder sinodebesluite."

Maar nog erger as die besluit self, is die taktiek wat gebruik is om die 2003-besluit om te keer - omdat die 2003-besluit glo op "onkerkordelike prosedure" gegrond was. Volgens berigte het dié taktiek misverstand by sommige sinodegangers gewek - dermate dat hulle nie geweet het waarvoor hulle stem nie. Dit het ook deurtastende debat oor die posisie van vroue in dié kerk gekelder. Die taktiek om "die reg en prosedure" te gebruik om besluite te bewimpel, is nie ongewoon in menslike vergaderings nie. Dat dit egter ook in kerkverband gebeur, laat 'n mens sidder ...

In die weeklikse rubriek 'n Woord onderweg gee **André van Niekerk** sy siening oor die saak weer (Beeld, 21 Januarie). Dit is meer as net ironies dat 'n "gereformeerde" kerkvergadering die minste oor vroue reformeer. Dit is tragies, want dié gebeurde is vir buitelanders tekenend van wat gebeur as jy in God glo. Reformasie beteken om jou geloofsdade aan die woord en die Gees te laat toets. Naas kritiese Woordinterpretasie ontwikkel (reformeer) Christene voortdurend. Hulle is afhanklik van God se Gees om te onderskei wat nou vir God die meeste saak maak.

By konserwatiewe Moslems sien mens makliker wat gebeur as jy konsekwent glo dat jou "heilige boek" direk uit die hemel kom. Die kultuurpatroon (kleredrag, taal, gesinshierargie) van die tyd toe jou godheid hom geopenbaar het, word vir ewig normatief. Vroue word gesluit gesien maar nie gehoor nie. As ons slegs aan die goddelikheid van die Bybel vashou, word die menslike nuanses ontken. Deur egter te glo dat die Gees juis deur die menslike in Jesus en in die Bybel werk, kan ons onderskei waarop dit vandag werklik aankom.

'n Spanning kom voor tussen twee stelle Bybelgetuïenis. Die een stel ondersteun die kultuur van destyds. Dit ontmoedig revolusionêre optrede deur vrouegelowiges en verbind hul onderdanigheid aan oorspronklike skeppingsbedoelings (byvoorbeeld 1 Tim 2:11-15). Die ander stel getuïenis word aan God se uiteindelijke voltooiing van die skepping verbind. Christus laat die "koninkryk van God", die "laaste dae" aanbreek. Die "eindtyd" waarin mans en vroue gelyk sou wees, het gekom (byvoorbeeld Gal 3:28).

Die verskillende verse is nie klippe waarmee ons mekaar mag gooi nie. Die een bevat saad, wat nog moes groei. Die ander bevat die reeds ontwikkelde vrugte. Waar vroue en mans gelyk is, getuig ons van die lewende God se vordering met ons op pad na sy einddoel.

**Christina Landman**, teoloog aan Unisa, spreek haar in Beeld van 23 Januarie oor die saak uit. Daar is 'n nuwe woord op die horison en dit is etiese geweld. Dis nou die soort geweld wat die Doppermans by hulle sinode gepleeg het, toe hulle die vroue van die tafel af gevee het - en voorgegee het dis eties en Bybels. Terwyl ons almal weet dat dié besluit meer met hul manlikheid te doen gehad het as met die Bybel.

En dis boonop 'n outydse soort manlikheid ... Gelukkig is alle mans nie só nie. Om die waarheid te sê, nie eens Paulus was só nie. Die Doppermans laat Paulus allerhande rowwe dinge teen vroue sê, maar Paulus het dit nie gesê nie. Volgens 1 Korintiërs 14:35-36 sou Paulus vir vroue gesê het om in die erediens te swyg. Maar ons weet tog almal dis 'n glos. Hierdie woorde het iemand veel later teen die kantlyn van 'n manuskrip geskryf en dit het met die oorskrywe in die teks ingesluit. Ons weet dit, omdat dié verse in die oudste manuskripte van die Nuwe Testament op verskillende plekke ingevoeg is.

En dan is daar Efesiërs 5:22-23 waar Paulus glo die man bo die vrou

#### **BYEENKOMS VGL**

Die Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel hoop om Vrydagaand, 19 Mei en Saterdagoggend 20 Mei 'n byeenkoms te hou. Die tema van die vergadering is: Ekumenies Gereformeerd – ons roeping. Vrydagaand wil ons die roeping belig uit die Ou en die Nuwe Testament. Saterdagoggend sal dan op die praktyk gefokus word.

Die sprekers sal DV in 'n volgende uitgawe bekendgemaak word.

Plek: Gereformeerde Kerk die Kandelaar, h/v Codonia & Dickensonlaan, Waverley, Pretoria

aanstel. En ook dit is 'n huishoudelike kode wat later ingevoeg is, juis omdat die vroue so sterk in die vroeë kerk geword het. G'n mens kan immers glo dat vroue in Paulus se tyd só was soos die Doppers wil hê hulle vandag moet wees nie! Immers het Celsus, 'n heiden uit die tweede eeu, juis vertel hoe die vroue na die Christendom toe aanloop en dat hulle dit bestuur! En Paulus self groet in Romeine 16 net soveel vroue wat in leierskapsposisies in die kerk is, as wat hy mans groet!

En dan is daar 1 Timoteus 2:11 - 15 wat vroue ook glo so aansê om nie te leer nie - en wat glad nie eens deur Paulus geskryf is nie, maar deur iemand van 'n volgende geslag. Ons weet dit, omdat die kerklike strukture wat in hierdie brief beskryf word, nie in Paulus se tyd eens bestaan het nie maar later ontwikkel het.

So, jammer, manne, maar Paulus is toe al die tyd nie aan julle kant nie. Paulus was nie 'n etiese geweldenaar soos julle nie. Hy was 'n ware man. En dit gee 'n mens die vrymoedigheid om die Doppers uit te nooi om ware mans te word.

Maar wat is 'n ware man?

- Eerstens het 'n ware man morele moed. Dit was 'n klein groepie mans wat die Doppersinode geëe het. Dit het al baie in die verlede gebeur, eeue al, dat 'n groepie etiese geweldenaars 'n sinode roef juis deur voor te gee hoe eties hulle is. Die geskiedenis vertel ons hoe maklik mans die Bybel op sinodes gebruik om ander mans uit te oorlê. Dis dié dat 'n mens hoop dat die ware mans onder die Doppers sal opstaan, met morele moed, en die geweldenaars sal blootlê vir wat hulle is. So, die uitnodiging is vir Doppers om ware mans te word. En vir die meerderheid van hulle wat reeds is, om op te staan.
- Tweedens, is 'n ware man sterk, sonder om te onderdruk. 'n Ware man bevry hom van die stereotipe dat mans net manlik is wanneer vroue swak is.
- En 'n derde ding: 'n ware man leer by vroue. Oor pyn en genesing. 'n Ware man leer saam met vroue. Oor "mag", en hoe 'n mens dit kan gebruik om energie in mekaar vry te stel, eerder as om mekaar te onderdruk.
- En vierdens: 'n ware man gee om. Sy wêreld draai nie om hom en al die bietjies mag wat hy vir hom kan inhark nie.

- En laastens: 'n ware man gebruik nie die Bybel om sy vuilwerk vir hom te doen nie ...

Al vier skrywers is dit met mekaar eens: Die sinodebesluit word hopeloos te lig bevind. Sterker nog: die besluit getuig van onderdrukking, 'n verkeerde omgang met die Skrifte, 'n outydse siening op die samelewing, 'n gebrek aan geloofsvisie. Ware manne neem nie sulke besluite nie. Die sinodebesluit is buikspraak, manlike chauvinisme wat die vrou geweld aandoen.

Die bedoeling met hierdie Persskou is nie om op elke stelling in te gaan en al die dwarsklappe te probeer ontleed nie. Daar kan maklik 'n saak voor uitgemaak word dat die 'geweld' waarvan die Doppersinode aangekla word met nog meer verbale geweld (plek-plek lasterlik en onverhoord veroordelend!) oorweldig word. Geweld op geweld bring 'n mens nie verder nie. Dit strek beslis nie tot eer van God nie.

Op watter skaal het bogenoemde skrywers die sinodebesluit geweeg?

Pieter van Niekerk se toetsapparaat: 'die Gereformeerde Kerk se invalshoek waarmee die Bybel gelees word, klink vir my oud. Dit lyk of die pre-moderne kultuurhistoriese gees en konteks waarin die Bybelse teks geskryf is, steeds normgewend vir die hedendaagse kerk is. Dit blyk dat die post-moderne samelewing waarin dié kerk haar bevind, geïgnoreer word'. Sy aanbeveling aan die Doppers: 'Bybellees is dinamies, dit veronderstel dat lesers nuut na die teks kyk, in hul geloof groei en 'n onderskeidingsvermoë ontwikkel. Dit vra van Bybelse lesers om soms geloofskuiwe en regstellings te maak. Soms moet gelowiges, gemeentes en kerke regstellings in hul verstaan van God, die kerk en die Bybel maak, veral wanneer die kerk bewus word dat sy geloof wanfunksioneel raak en teen ander diskrimineer.'

Wilhelm Jordaan se weeginstrument: 'Nog erger as die besluit self, is die taktiek wat gebruik is om die 2003-besluit om te keer - omdat die 2003-besluit glo op "onkerkordelike prosedure" gegrond was'.

André van Niekerk se maatstaf: "n Spanning kom voor tussen twee stelde Bybelgetuienis. Die een stel ondersteun die kultuur van destyds. Die ander stel getuienis word aan

God se uiteindelijke voltooiing van die skepping verbind. Die verskillende verse is nie klippe waarmee ons mekaar mag gooi nie. Die een bevat saad, wat nog moes groei. Die ander bevat die reeds ontwikkelde vrugte. Waar vroue en mans gelyk is, getuig ons van die lewende God se vordering met ons op pad na sy einddoel'.

Christina Landman se weegskaal: 'Volgens 1 Korintiërs 14:35-36 sou Paulus vir vroue gesê het om in die erediens te swyg. Maar ons weet tog almal dis 'n glos. Hierdie woorde het iemand veel later teen die kantlyn van 'n manuskrip geskryf en dit het met die oorskrywe in die teks ingesluip. En dan is daar Efesiërs 5:22-23 waar Paulus glo die man bo die vrou aanstel. En ook dit is 'n huishoudelike kode wat later ingevoeg is, juis omdat die vroue so sterk in die vroeë kerk geword het. En dan is daar 1 Timoteus 2:11-15 wat vroue ook glo so aansê om nie te leer nie - en wat glad nie eens deur Paulus geskryf is nie, maar deur iemand van 'n volgende geslag. ...'n Ware man gebruik nie die Bybel om sy vuilwerk vir hom te doen nie'.

Saamgevat:

- Die Skrif moet vanuit ons hedendaagse denke gelees, verstaan en toegepas word. Nie die gesagvolle Woord van God as sodanig nie, maar die mens se voortdurend veranderende verstaan van die Woord is rigtinggewend vir die plek en taak van die vrou in die kerk.
- Die Skrif bevat verskillende getuienisse, wat nie in spanning met mekaar gelees moet word nie, maar as begin- en voltooiingspunt van God se skeppingswerk gesien moet word. Eindpunt: Vrou en man is gelyk (Galasiërs 3:28).
- Die Woord van God, soos ons dit in 1 Korintiërs 14:35-36, Efesiërs 5:22-23 en 1 Timoteus 2:11-15 lees is slegs invoegings of latere toevoegings.
- Die kerkorde en toepassing daarvan is 'n saak van prosedure. Met só 'n weegskaal sal alle besluite van die sinode, en nie net die besluit oor die vrou in die besondere amp nie, te lig bevind word.

# 'n Ander visie

Vraag: wie is die eintlike buikspreker? Neels Jackson, kerklike verslaggewer van Beeld, het die sinode van begin tot end bygewoon. In 'n artikel onder die opskrif 'GKSA-beswaardes wen oor vroue, verloor oor liedere' (Beeld, 20 Januarie) skryf hy onder andere:

*Was dit 'n sinode van versoening of 'n sinode van verwydering? Wat hou die besluite van die afgelope nasionale sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) vir die toekoms in?*

*Om die dinamiek wat hier aan die werk is, goed te verstaan, is dit belangrik om 'n breuklyn raak te sien wat nie net deur die GKSA loop nie, maar deur die hele gereformeerde tradisie en in der waarheid deur die breë kerk dwarsoor die wêreld. Dit word sigbaar in teenoorstaande standpunte oor die toelating van vroue tot die ampte van predikant, ouderling*

*en diaken, maar onderliggend daaraan lê verskillende vertolkings van die Bybel ...*

*Hoewel niemand dit bepleit het nie, is die woord "skeuring" meermale genoem.*

*Teen dié agtergrond het die onlangse sinode ritse beswaarskrifte teen dié twee besluite (vrou in die amp en die 2001 omdigting) op sy tafel gehad. Die uitslag was een elk. In die stryd oor die vrou in die ampte het die beswaardes geseëvier, maar oor die liedere het hulle verloor. In albei gevalle is egter ook besluite geneem om die verloorkamp tegemoet te kom. Vrouediakens wat reeds verkies is, het grasia gekry om voort te gaan met hul ampswerk terwyl weer gekyk word na wat die Bybel daarvoor sê. Die volgende sinode sal dan 'n uitspraak moet gee. Oor die verskillende standpunte oor die liedere gaan 'n oop gesprek gereël word, terwyl studiedeputate die sinode ook moet adviseer oor die kwessies onderliggend aan die verskille ...*

Die 'dinamiek' en 'onderliggende verskilpunt' waarop Jackson die aandag vestig, is relevant. Die kerklike debatte van die afgelope jare oor sake soos nagmaalkelkies, die kerklied en die vrou in die besondere amp kan op die oog af as 'n eindelose gepraat oor nie-relevante sake voorkom. Die vraag word meermale gevra: kan (en moet!) die Doppers hulle nie met die eintlike dinge van die dag besig hou nie. Waarom oor die kleur van die toga stry terwyl die wêreld aan die brand is?

Die vraag en versugting is in 'n sekere sin verstaanbaar. Die werk in kerk en koninkryk roep. Daar is soveel om te doen. Daarmee mag die kern van die debat en verskilpunte nie onder die tafel ingevee word nie. Ons geloof in God en sy Woord staan op die spel. Jackson is reg as hy die dilemma in die gereformeerde wêreld - ook die GKSA - herlei na 'n saak van hermeneutiek: ons besigwees met die Skrifte. Grondliggend aan die 'kwessies' vrou in die amp, nagmaalkelkies en kerklied is die vraag: wat glo jy van Gods Woord en hoe werk jy met Gods Woord? Met hierdie dilemma worstel die NG Kerk eweneens. In hulle worsteling

is hulle die GKSA slegs 'n ent voor. Die GKSA se Skrifondersoek handel oor die Godgegewe plek van man en vrou in die kerk. Verskillende wyses van omgang met die Skrif het tot gevolg dat daar by verskillende voorlopige eindresultate uitgekom word, soos uit meerderheids- en minderheidsrapporte van studiedeputate blyk. Die saak moet nog uitgemaak word. Die NG Kerk se eindresultaat is reeds bekend: man en vrou is in alle opsigte gelyk. Geen onderskeid mag met betrekking tot geslagtelikheid getref word nie, want sulke onderskeid sou op geslags-diskriminasie neerkom. Noodwendig lei die 'man en vrou is gelyk eindresultaat' tot 'n nuwe vraagstuk: is man en vrou en homoseksueel dan nie ook gelyk nie? Mag daar teen homoseksuele gediskrimineer word?

Dit is duidelik dat die onderliggende verskilpunt, die hermeneutiek, van wesenlike belang is. Die hoop word uitgespreek dat die studiedeputate wat aangewys is om Sinode 2009 oor die hermeneutiese vraagstukke met betrekking tot die vrou in die kerk en die kerklied te adviseer, Skrif- en belydenisgetroue advies sal gee.

## VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

### Redaksie:

Dr ALA Buys  
Mev J de Wind  
Ds HLJ Momberg  
Posbus 31712, Totiusdal, 0134  
Tel 012 332 4676  
e-pos: alabuys@lantic.net  
jdewind@mweb.co.za

### Medewerkers:

Dr AH Bogaards  
Prof GJC Jordaan  
Ds GJ Meijer  
Ds SJMS Smit  
Dr AH van den Bout

Webbladsy: <http://www.vgl.co.za>

### Administrasie-adres:

Mev Hanneke Das  
Waarheid en Dwaling  
Posbus 31712, Totiusdal, 0134  
Tel 012 331 4733 (na 14:00)  
e-pos: jdirkdas@absamail.co.za  
Faks 012 335 9135

### Intekengeld:

R130 per jaar en addisionele bydraes kan inbetaal word by:

**Waarheid en Dwaling**  
**Spaarrekening 9054701904**  
**ABSA, Waverley, Pretoria**

### Tegniese versorging:

Printburo  
Posbus 25316  
Gezina, 0031

## VAN DIE ADMINISTRASIE

As gevolg van stygende koste is ons genoodsaak om die intekengelde vir 2006 te verhoog na R130. Besonderhede van die rekening waar u dit kan inbetaal verskyn in die kolofon hiernaas.